Hoe om vuur te maak sonder blits!

Vuurmaak is altyd ’n lekker aktiwiteit. Leer die Voortrekkers om op die regte manier vuur te maak.

? Stappe

1. Tel droë hout in die veld op. Moenie bome verniel nie. Slegs stokkies en hout op wat in die veld lê.
2. Sorg dat jy verskillende diktes stokkies / hout optel.
3. Tel droë gras op.
4. Pak nou in volgorde:
   Droë gras
   Baie dun stokkies
   Dun stokkies
   Dikker stokkies
   Dik stokke
5. Maak seker die plek waar jy gaan vuurmaak is veilig. Daar moet geen droë gras naby wees nie. Jy kan ook klippe rondom die plek pak.

6. Daar waar jy gaan vuurmaak, plaas die droë gras in ’n hopie. Dit moet losserig gepak wees. Pak baie dun stokkies in ’n driehoekie bo-op die gras.
7. Steek die droë gras aan die brand.
8. Indien die gras en dun stokkies lekker begin brand, moet jy nog stokkies oppak. Daarna dikker stokkies en as die vuur goed brand, die baie dik stokke. Pak stokkies in driehoekige vorm sodat daar genoeg lug is.
9. Wag vir kole voordat jy stokbrood of wors op die vuur begin braai.

☺ Wenke

1. Almal wat vuurmaak, moet skoene aanhê.
2. Maak seker dat die vuurmaakplek baie veilig is.
3. Hou ’n emmer met water byderhand.
4. Maak seker dat al die kinders genoeg hout het voordat hulle met die vuur begin.
5. Jy kan kinders twee-twee saam laat vuurmaak. Indien die groep baie groot is, dalk drie kinders.

☠ Waarskuwings

1. Moet nooit in as trap nie. Dit lyk dikwels of die vuur uitgebrand is, maar die kole kan vir lank nog baie warm wees.
2. ’n Vuur word nooit sonder toesig gelos nie.
3. Blus die vuur as julle klaar is.
4. Moet nooit kinders sonder toesig los nie.